BEST BOOKS EKSAMENHULP

11 HUISTAAL

# GEE AFRIKAANS 'N KISHOU IN DIE EKSAMEN

KABV-GERIG

Klankleer
Lees- en skryftekens
Woordvorming
Woordsoorte
Sinsleer
Betekenisleer
Leesstukke
Begripstoetse
Skryfwerkwenke en -oefeninge
Konsepvraestelle 1 & 3

SAAMGESTEL DEUR ANITA VOGES

# Hoofstuk 5: Werkwoorde, tye en bywoorde

## Onderwerp: Lees

**In hierdie hoofstuk gaan jy**

- 'n begripstoets oor 'n artikel, advertensie en uittreksel beantwoord.
- werkwoorde bestudeer.
- hoofwerkwoorde bestudeer.
- koppelwerkwoorde bestudeer.
- deeltjiewerkwoorde/skeibare werkwoorde en onskeibare werkwoorde ondersoek.
- hulpwerkwoorde bestudeer.
- tussen tye onderskei: teenwoordige tyd, verlede tyd en toekomende tyd.
- werkwoorde in vaste verbindings oefen.
- werkwoorde wat ons verwar, bestudeer.
- die infinitief bestudeer.
- die onderskeie soorte bywoorde onderskei.
- hersiening van al die bogenoemde aspekte doen.

## Begripstoets

Lees en kyk na die twee tekste (TEKS A en B) hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**"Kan boeke skrywers laat skryf?" deur Jolyn Phillips**

1 Ek is dankbaar die eerste geskrewe woorde wat oor my lippe gekom het, is nie deur mý hand geïnk nie. Met my vinger het ek die woorde soos miere op 'n wit woestyn van links na regs gevolg, na wêrelde wat nooit weggeraak het nie. Die taal sou wag tot ek die dag gereed was om dit te lees.

2 Ek weet nie wat ek voor my eerste biblioteekkaartjie met my lewe gedoen het nie, maar daardie dag het my antie (die een wat my leer lees het) ons biblioteek toe geneem.

3 Ek moet bieg, ek en die ander kinders het in graad 1 vir *Boet en Saartjie* gelees. Seisoene het verander van een bladsy na die volgende: met Buks, die hond, 'n moeder en 'n vader. In my goue kinderdae het ek die klere wat Boet en Saartjie gedra het, een keer 'n week kerk toe gedra. Ek het sommer vir Boet en Saartjie in my gedagtes oorgeskryf. Hierdie boekreeks hoort op my leespad, want dit is die boeke wat my leer *lees* het. Hierdie boeke was my eerste tree tot die letterkunde wat my nuuskierig gemaak het.

4 Later was ek behep met die Harry Potter-reeks. Ek het die hele jaar my ouers gepes om dit vir my met my 13de verjaarsdag te kry. Hierdie boeke trek steeds saam met my, veral die een wat ek toe wel vir my verjaarsdag gekry het. Toe ek die pakkie oopmaak, is die titel *Harry Potter en die Orde van die Feniks*. My moed het in my skoene gesak en my trane was naby, want ek wou die oorspronklike, Engelse uitgawe gehad het. Toe die oorspronklike in die biblioteek beskikbaar word, het ek twee tale saam gelees. En daar leer ek onwetend die waarde van vertaling – die towerkuns van vertaling wat die wêreld vir my in my eie taal kom wys het.




© NB Uitgewers 2020

5 My smaak in boeke het mettertyd verander en ek het Ena Murray se boeke gelees (met die rooi biblioteekkaartjie-slegs-vir-grootmense) op pad huis toe. My ma het altyd vir my die skrywersname neergeskryf wie se boeke ek vir haar moes kry: Murray, Dot Serfontein of Eleanor Baker. My pa het hom opgehou met woorde oor die regte wêreld, die woorde van die nou: bibliografieë en niefiksie en digkuns. Ek kon nie verstaan hoe 'n mens so lank aan so 'n dun boekie kon lees nie.

6 Ek tel Valda Jansen se digroman, *Hy kom met die skoenlappers,* in 'n boekwinkel op. Daar word na die roman verwys as grotendeels romanties met outobiografiese elemente. Ek het geglimlag toe ek hierdie opinies lees. Die verteller se woorde praat in akkoorde, 'n melodie, ritme en harmonie. Net soos die verteller gryp die woorde na lig. Valda het my geleer die waarheid is 'n feeks, 'n inkantasie en onbetroubaar. Die verteller verwar jou met waarhede wat aan jou eie outobiografie karring.

7 Boeke het my ook waaksaam gemaak, my ego stilgemaak. Dis 'n illusie dat boeke ophou praat wanneer 'n mens die boek se bek toemaak. 'n Boek hou aan praat, al hou jy op lees. Of skryf. Partykeer, in jou leesland, kom karakters en vertellers aangestap omdat jy hulle gekoop of gekies het, maar ek wil glo dat die karakter met die boek agter my aan gehol het.

8 Digbundels is my veilige hawe, die plek waar ek stilhou. Ek lees P.J. Philander se *Konka*. Ek doseer digkuns. In memoriam loop ek saam met Philander, Small en Petersen. Hul woorde kom in verset; hulle woorde "sing met gebalde vuiste". My studente draai my na Small se kompasnaaldwoorde: "Ek twyfel nie aan die toekoms van Afrikaans nie, solank daar mense is wat Afrikaans praat, sal die taal bestaan."

9 My leeslandskap het groter geword. Ek word al hoe meer 'n boeknomade, 'n woordboemelaar.

[Verwerk uit *Taalgenoot*. Met vergunning gebruik.]



**© NB Uitgewers 2020**

## TEKS B: ADVERTENSIE




[Uit *Tuis*. Met vergunning gebruik.]

**VRAE: TEKS A**

1. Herlees die titel. Aan wie is die retoriese vraag gerig? (1)

_______________________________________________

2. Wat is die implisiete betekenis van die woorde *deur mý hand geïnk*? (Paragraaf 1) (1)

_______________________________________________

3. Watter insig gee die skrywer omtrent haarself in paragraaf 2? (2)

_______________________________________________

_______________________________________________

4. Herlees paragraaf 3.
Wat word geïmpliseer met die woorde: *Ek het sommer vir Boet en Saartjie in my gedagtes oorgeskryf*? (1)

_______________________________________________

_______________________________________________

Werkwoorde, tye en bywoorde

5. Hoe regverdig die skrywer die *Boet en Saartjie*-boeke in haar lewe? (1)

---

6. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Bewys jou antwoord deur VIER (4) opeenvolgende woorde uit paragraaf 4 aan te haal.
*Sy was nie gelukkig met die geskenk wat sy as dertienjarige ontvang het nie.* (1)

---

7. Noem ten minste TWEE (2) gevolge wat hierdie boek wat sy as dertienjarige ontvang het, op haar lewe gehad het. (2)

---

---

8. Is die onderstaande stelling ’n FEIT of ’n MENING? Motiveer jou antwoord.
*Ena Murray is ’n goeie skryfster.* (2)

---

---

9. Hoe kan vertellers hul lesers verwar met waarhede wat aan hul eie outobiografieë karring? (1)

---

10. Noem die TWEE (2) kunsvorms wat in paragraaf 8 genoem word. (2)

---

11. Herlees paragraaf 7.
Haal EEN (1) selfstandige naamwoord aan wat beteken *dis ’n denkbeeld wat in ’n mens se verbeelding die werklikheid word*. (1)

---

12. Wat word bedoel met *’n boek hou aan praat, al hou jy op lees*? (Paragraaf 7) (2)

---

---

13. Noem TWEE (2) redes waarom digkuns vir die skrywer van hierdie artikel belangrik is. (2)

---

---

14. Wat is *kompasnaaldwoorde* (reël 43) en waarna verwys dit? (2)

---

15. Noem TWEE (2) van die moontlike gedragspatrone van ’n *woordboemelaar* en ’n *boeknomade*. (2)

---

---

16. Herlees paragraaf 8.
    16.1 Wat beteken die woorde *in memoriam*? (1)

    ---

    16.2 Waarom kan ons die skrywer se mening oor digkuns as gesaghebbend beskou? (1)

    ---

    ---

[25]



**© NB Uitgewers 2020**

**VRAE: TEKS A EN B**

17. Skryf 'n woord as 'n bewys uit die advertensie dat die *Tuis*-tydskrif positief teenoor tyd saam met jou medemens ingestel is. (1)

_______________________________________________

18. Bespreek die verband tussen TEKS A en TEKS B. (1)

_______________________________________________

_______________________________________________

19. Noem TWEE (2) maniere hoe jy hierdie tydskrif sal kan lees. (2)

_______________________________________________

_______________________________________________

20. Waarop, dink jy, fokus hierdie tydskrif? (1)

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

[5]

**[TOTAAL AFDELING A: 30]**


## Werkwoorde

Hoe kan jy werkwoorde toets? Kyk of die woord 'n verledetydsvorm het!

| SOORTE | VOORBEELD | HOE KAN EK DIT HERKEN? |
|---|---|---|
| **HOOFWERKWOORDE (SELFSTANDIGE WERKWOORDE)** | | |
| Die hoofwerkwoord kan alleen in 'n sin staan. | | |
| *Oorganklike werkwoorde* | Ek lees die boek. | Die werkwoord word gevolg deur 'n direkte voorwerp.<br>**Wie** of **wat** lees? ONDERWERP<br>Onderwerp lees **wie** of **wat** = DIREKTE VOORWERP. |
| *Onoorganklike werkwoorde* | Ek lees gereeld. | Die werkwoord word NIE gevolg deur 'n direkte voorwerp NIE. |
| **DEELTJIEWERKWOORDE** | | |
| *Skeibare werkwoorde* | ○ Ek wens hom geluk met sy boek.<br>○ Ek het hom met sy boek geluk**ge**wens. | • *Wens* en *geluk* word in die teenwoordige tyd geskei.<br>• In die verlede tyd word die woorde deur -**ge**- geskei. |
| *Onskeibare werkwoorde* | ○ Ek aanvaar dat jy goed lees.<br>○ Ek het aanvaar dat jy goed lees. | Die werkwoord word aan mekaar geskryf in die teenwoordige tyd en in die verlede tyd. |




© NB Uitgewers 2020




[Foto Brenda Veldtman. Foto en omslae met vergunning van NB-Uitgewers gebruik.]

2. Kyk na die onderstaande oefening. Die werkwoord word hier in 'n vaste verbinding gebruik. Voltooi die volgende sinne deur die korrekte WERKWOORD in die regterkolom te kies.

| | | WERKWOORD |
|---|---|---|
| a) | As jy nie tevrede is met die boek nie, is daar maniere om jou griewe te ________________________. | pla |
| b) | Jou gewete sal jou altyd ________________________. | bring |
| c) | Ons sal hulde aan die skrywer ________________________. | gelaat |
| d) | Ek ________________________ kennis van die probleem. | aangegee |
| e) | ________________________ jy enige kennis van die saak? | aanvaar |
| f) | Die dief het in die storie 'n misdaad ________________________. | lug |
| g) | Die man wie se huis per ongeluk afgebrand het, is ruimskoots ________________________. | aangeteken |
| h) | Ons mag nie korrupsie so oogluikend ________________________ nie. | neem |
| i) | Die lande ________________________ onderhandelinge ná die moord op die joernalis. | ontslaan |
| j) | Die redaksie het eenparig die besluit ________________________. | dra |
| k) | Die joernalis is uit haar betrekking ________________________. | toelaat |
| l) | Die nuwe skrywers het die toon ________________________. | vergoed |
| m) | Die joernalis het teen haar vonnis appèl ________________________. | berokken |
| n) | Die aantygings teen haar is van alle waarheid ________________________. | verbreek |
| o) | Die familie het die stilswye ________________________. | stel |
| p) | Die advokaat het die regter 'n rat voor die oë ________________________. | ontbloot |
| q) | Ons ________________________ dit in die vooruitsig. | gedraai |
| r) | Die skrywer het 'n groot leemte ________________________. | verkeer |



© NB Uitgewers 2020

Die *Best Books Eksamenhulp*-reeks vir Graad 10–12 Afrikaans Huistaal bestaan uit drie gebruikersvriendelike oefenboeke wat leerders sal help om hul taal- en leesvaardighede op 'n interaktiewe manier te oefen en te verbeter. Die boeke, wat saamgestel is volgens die vereistes van die KABV vir elke graad, is geskik vir gebruik in die klaskamer of tuis. Hierdie reeks oefenboeke is saamgestel volgens die nuutste *Afrikaanse woordelys en spelreëls.*

Die ***Best Books Eksamenhulp: Graad 10 & 11 Afrikaans Taal- en leesoefenboeke vir Huistaal*** bevat taal- en begripsoefeninge, alles in een. Hierdie boeke sal leerders se taalkennis (van woordsoorte, klankleer en sinsleer tot betekenisleer) versterk en hulle help om Afrikaans makliker onder die knie te kry. Die lees- en begripsoefeninge is onder meer gebaseer op uittreksels uit die jongste jeugboeke vir lekkerleesgenot terwyl leerders leer.

**Die oefenboeke**

- bevat verduidelikings en toeganklike opsommings met toepaslike voorbeelde van taalkonvensies en -strukture.
- bestaan elk uit agt hoofstukke met begripstoetse en taaloefeninge.
- bevat 'n verskeidenheid tekstipes soos wat die leerder dit in eksamens kan verwag.
- bevat oefenvraestelle vir toets- en eksamenvoorbereiding.
- het plek vir antwoorde, vir maklike hersiening en verwysing.




**Graad 10**
9781776072071




**Graad 11**
9781776072088

***Best Books Eksamenhulp: Graad 12 Afrikaans Eksamenoefenboek vir Huistaal*** bevat taaloefeninge om leerders se taalkennis vir die eksamens in te skerp. Daar is waardevolle wenke en praktiese idees met voorbeelde vir die skryf van verskillende tipes skryfstukke. Hierdie eksamenoefenboek bevat ook voorbeelde van Vraestelle 1 en 3 wat leerders help om doeltreffend vir toetse en eksamens voor te berei. Die taaloefeninge en wenke sal die worstelende én vooruitstrewende leerder in staat stel om hulle uitslae te verbeter.

**Die oefenboek**

- bevat taaloefeninge gebaseer op 'n verskeidenheid tekstipes.
- bied 'n verskeidenheid van wenke met voorbeelde ter voorbereiding vir toetse en eksamens.
- sluit 'n konsepvraestel elk van Vraestelle 1 en 3 in.
- het plek vir antwoorde, vir maklike hersiening en verwysing.




**Graad 12**
9781776072095

**Kontak Best Books:**

Skole – Shamala Stoffels: shamala.stoffels@nb.co.za | (021) 406 3033

Henk Viljoen: henk.viljoen@nb.co.za | (012) 431 7460 of Elana Bredell: elana.bredell@nb.co.za | (021) 406 3033